DEEL 115 | WEEK 9 | 3 MAART 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




*Die beheerliggaam van Hoërskool Wilgerivier was die groot dryf agter die daarstelling en bou van die nuwe Wilgie Sportsentrum op Frankfort. Dit het baie beplanning gekos en ȟ begroting wat maandeliks aangepas moes word soos idees verander; alles was egter die moeite werd volgens hulle. Op die foto vl: Petri Muller, Cassie Muller, Casper Swarts, Quintin Antunes, SW Graaff (voorsitter), Koos Engelbrecht, Ferdi Roodt en MC Cronjé.*

# Wilgies pronk met nuwe sportsentrum

Die voordele van 'n nuwe skoolgimnasium strek veel verder as spesifieke sportopleiding. 'n Sterk fisieke fiksheidsprogram help leerders om gesonde gewoontes te ontwikkel wat hulle deur die lewe sal vergesel. Navorsing vind dat om jongmense vroeg op te voed oor die voordele van kragoefening, kardio- en liggaamsgewigoefeninge, gewoontes sal vestig wat vir die komende jare 'n gesonder leefstyl bied.

Met dít in gedagte het die beheerliggaam van Hoërskool Wilgerivier besluit om 'n ultra moderne sportsentrum te bou vir die toekoms van sy skool se leerlinge en gemeenskap. Die amptelike opening van die sportsentrum was Woensdagaand. Sportmanne word in hedendaagse tye baie blootgestel aan besering en juis om die rede is daar ook twee voltydse fisioterapeute betrokke by die gimnasium wat aan leerling sal touwys maak en kondisioneer om reg te oefen. Wilgerivier se skoolhoof het tydens die lintknip seremonie ook sy dank uitgespreek teenoor borge en die beheerliggaam wat die ongelooflike projek moontlik gemaak het. Sportspanne kan nou reg gekondisioneer word met toerusting wat op internasionale standaard is. “Wilgerivier kan nou saampraat oor die beste fasiliteite in die land”, was 'n ouer se opmerking toe hulle deur die sentrum gestap.









# Ngwathe gee amnestie

"Munisipale verbruikers met agterstallige skuld kry tans weer 'n geleentheid op skuldverligting", sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe van Heilbron. Die munisipale raad het op 'n spesiale vergadering op 27 Februarie 2023 besluit dat verbruikers met uitstaande skuld geleentheid gebied word om aansoek te doen vir afskrywing van 40% daarvan. Die amnestie is egter onderhewig daaraan dat die oorblywende 60% in 'n enkelbedrag betaal word en dat die verbruiker daarna sy maandrekening elke maand stiptelik betaal vir die daaropvolgende 12 maande. Die amnestieperiode neem 'n aanvang op 1 April 2023 en loop op 30 September 2023 ten einde.

Verbruikers met uitgebrugde of foutiewe kragmeters kry ook geleentheid om hul verbruik sonder die risiko van groot boetes te wettig deur die meters by die munisipaliteit te rapporteer sodat dit vervang kan word. Die amnestieperiode is geldig van 1 Maart 2023 tot 30 Junie 2023. "Verbruikers met uitgebrugde meters word nou reeds gewaarsku dat uiters streng stappe gedoen sal word teen enige een wat na 30 Junie 2023 met 'n uitgebrugde meter betrap mag word", sê raadslid Van der Merwe.

# Aangepaste begroting voorwaardelik aanvaar


Die Ngwathe munisipale raad het by 'nspesiale sitting op 27 Februarie 2023 'naanpassingsbegroting voorwaardelik aanvaar. "Wetgewing verplig munisipaliteite om hul begrotings halfjaarliks te hersien en aanpassings te maak" sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Daar moet onder andere besin word of begrote inkomste realiseer en of uitgawes binne begrote perke is. Munisipaliteite mag nie vir tekorte begroot tensy 'n onbefondsde begroting vergesel word van 'n aanvaarbare befondsingsplan nie. In Ngwathe se geval beloop begrote operasionele inkomste R 937 015 000,00 terwyl uitgawes beraam word op R 1 012 417 000,00 wat 'n tekort laat van R 75 403 000,00. "Tans, gegewe Ngwathe se benarde finansiële posisie as gevolg van grootskaalse wanbetaling van dienstegelde, is 'n befondsde begroting eenvoudig nie haalbaar nie" sê raadslid Van der Merwe. Die munisipale raad het gevolglik opdrag gegee dat 'n befondsingsplan uiters dringend deur die finansiële komitee saamgestel en aan die raad voorgelê word vir oorweging. Voorts moet implimentering van die finansiële omkeerplan wat die raad reeds goedgekeur het dringend ge-eskaleer word om realisering van begrote inkomste daar te stel.

Een van die probleme wat met realisering van inkomste ervaar word, is verskille tussen tariewe wat die Elektristeitsreguleerder (NERSA) vir Eskom aan die een kant en munisipaliteite aan die ander kant goedkeur. Eskom tariewe maak byvoorbeeld voorsiening vir hoër pryse vir krag in wintermaande, wanneer verbruik juis op die hoogste is, terwyl die munisipaliteit self nie gemagtig is om hoër wintertariewe te hef nie.

Die feit dat Eskom en die munisipaliteit se boekjare ook nie ooreenstem nie veroorsaak verdere tekorte. Eskom is onlangs 'n groot verhoging in tariewe deur NERSA toegestaan met effek van 1 April 2023, maar die munisipaliteit kan sy eie tariewe eers van 1 Julie 2023 aanpas en moet intussen die verhoging self absorbeer wat natuurlik meebring dat 'n verdere verlies in effek deur die munisipaliteit gely word gedurende die maande April, Mei en Junie 2023. Kundiges adviseer tans die munisipaliteit in 'n poging om alle elektrisiteitstariewe te hersien om juis hierdie probleme die hoof te probeer bied wanneer die munisipaliteit in Julie vanjaar moet aansoek doen vir vasstelling van tariewe vir die volgende boekjaar deur NERSA.

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006



# Johan word ter ruste gelê

Mnr Frederick Johannes (Johan) Bam is op 25 Februarie 2023 oorlede na 'n siekbed van byna 2 weke. Hy en sy gesin het hulle op 1 Januarie 1981 in Heilbron gevestig. Hy het diep spore in mense se lewens getrap toe hy vanaf 1981 tot laat 1990's by Senwes gewerk het. Daarna het hy boere gehelp met die vervoer van hulle vee. Sy begrafnis vind plaas op 10 Maart 2023 vanuit die AP Kerk Heilbron. Hy laat na sy broers, suster, kinders, kleinkinders, familie en hartsvriende.

# Uitdiepen: *Week 9 van 2023*



Laas week het ek begin vertel van die multivlakbemarking. Ons is nog steeds in die groot ouditorium met mense wat in ekstase is. Oor wat? Ek is op die oomblik nie seker nie.

Ek dink steeds aan wat badkamervrou gesê het: Diegene wat hier moet wees, sal hier wees. Dit klink vir my meer soos 'n erediens, waar die dominee dit sou sê. Dalk voel hierdie vir die gehoor soos 'n erediens. Wanneer ek so om my rondkyk, lyk dit so.

Die tweede spreker is 'n atleet wat Suid-Afrika by 'n Olimpiese Spele verteenwoordig het. Oulike man, dink ek. Hy vertel van een produk wat hy gebruik het, wat hom gehelp het om meer spiermassa te bou en gouer te herstel na 'n strawwe oefensessie. Hy klink vir my baie opgewonde oor die produk, en ek dink so by myself dat hy na die regte ambassadeur klink daarvoor.

Die atleet praat pragtige Engels.

Die volgende rits sprekers definitief nie. Waar hulle grootgeword het, is Engels defintief nie 'n tweede taal nie, maar 'n vreemde taal. Ek luister na die geradbraakte woorde en vertaal dit in my kop terug in Afrikaans. En verskaf myself enorme binnepret. Want die vertaling maak glad nie sin nie.

Die een ná die ander spreker vertel van Die Stelsel. Sodra jy ingeprop is by Die Stelsel, gaan jou lewe verander. Die Stelsel is so goed, want dit gaan jou geloof verander. Prop net in.

Nou kyk: ewe skielik staan my hare orent. Hulle geloof gaan verander, maar hier is nog min gesê van watter geloof hulle praat. My ore is wawyd oop, my oë is oopgesper en ek wag vir die verduideliking.

Wat nie kom nie.

Nog 'n spreker gaan aan oor Die Stelsel. Die Stelsel gee blykbaar boeke om te lees. "Gee" is dalk nie die regte woord nie, want dit moet teen betaling aangeskaf word.

Een Afrikaanssprekende Engels-plegende spreker vertel dat sy elke liewe oggend 'n sekere boek wat deur Die Stelsel voorgestel is, gelees het, en dit het haar mantra geword. Haar lewe totaal verander. Sy het meer selfvertroue gehad en meer geld. Hoe het hulle dit genoem? Passive residual income.

Na afloop van die oggendsessie is dit tyd vir etenstyd. Met geen ete nie. Mens sou dink dat, vir die hoop registrasiegeld, daar ten minste iets te knibbel sou wees vir middagkos, maar helaas.

Ons gaan sit in die restaurant langsaan terwyl die who's-who in die ouditorium vergadering hou. Kry 'n koeldrank. Waarvoor jy self betaal.

Ons is so sewe splinternuwe gesiggies wat 'n groepie vorm. Ses voornemende multivlakbemarkers en een skeptikus (ek). Die bekende uit die vermaaklikheidsbedryf kom sit by ons en verduidelik hoe wonderlik hierdie geleentheid is. Ons moet net sê, dan word ons ook opgeteken. So maklik soos dit. (Nee, ou perd, dink ek, dis nie so maklik nie).

Die bekende noem die naam van een van die produkte wat die bemarkers verkoop en gooi groot fisiologiese terme en name van chemiese verbindings rond. Ek onthou dit vanuit my studentedae en weet dat dit nie so maklik is soos wat Bekende dit probeer verduidelik nie. Ek dink die belangrikste is dat jy selfvertroue het wanneer jy iemand knolle vir sitroene verkoop. Ek glimlag net en lyk of ek alles glo.

Langs my sit 'n vrou wat Priscilla Presley se suster kon wees: vreeeeslike stywe klere en 'n hengse byekorfhaarstyl. Sy hang aan Bekende se lippe. Sy fluister in my oor: "Ek dink ek gaan aansluit, want hierdie ou is 'n groot Christen en hy sal nie iets verkeerds doen nie."

Ek fluister terug: "Kry jy ook klein Christene?"

Sy lyk vir 'n oomblik verward en dink diep na. "Jis, nou wonder ek."

Haar telefoon lui en sy verdwyn by die deur uit. Net voordat ons moet teruggaan vir die volgende sessie, sê sy dat haar man nou net gebel het. As sy nou huis toe kom, sonder om aan te sluit, gee hy haar R1 000. Ek sê: "Vat die geld." Ek kry skewerige kyke van rondom my, terwyl Bekende weereens begin verduidelik dat sy hope geld kan maak. (Deur presies wat te doen, wonder ek).

Terug in die ouditorium word daar verskeie mense vorentoe geroep. Hulle moet hulle naam noem, die persoon onder wie hulle werk en 'n lapelwapen kry. Wanneer hulle afstap vanaf die verhoog, kry hulle 'n rits high-fives by klomp mense wat soort van 'n erewag vorm. Die groepie voor my klap weereens ritmies hande.

Waarin het ek my ingelaat, wonder ek?

Voor my, so aan die regterkant, sit 'n ouerige oom en sy vrou. (Wel, ek dink dis sy vrou). Sy linkerarm rus op haar stoel se ruglening, en ek sien die interessante ring wat hy aan het. By nadere ondersoek, sien ek dat die ring die multivlakbemarking se logo op het.

Wat gaan hier aan? Mense raak opgesweep oor iets wat ek nie lekker verstaan nie. Hulle moet seker iets verkoop, maar ek het nog net een produknaam gehoor. Hulle raak geldmal, hulle klap hande soos by 'n kleursportbyeenkoms en dra snaakse ringe.

Nee, suster, dink ek, hierdie konsert is nie vir jou nie.

Na afloop van die middagsessie sê ek vir my gasvrou dat ek nou die pad huis toe gaan aandurf. Opsluit roep badkamervrou ons na die ingang van die gebou: ons moet eers 'n foto neem.

Badkamervrou staan agter my toe ons foto's neem. Sy gee my 'n innige druk.

"Jinne, jy lyk vir my so bekend."

Ek sê dis oorlat ek 'n bekende gesig het.

"Ek wil jou so graag teken," sê sy.

"Ek laat my nie sò vang nie." Sê ek.

Want my gryse ou vader het 'n skeptikus grootgemaak.

Jy het reg geraai: Hierdie week se les is dat jy die reg het om skepties te wees. Veral wanneer dit by gou-ryk-word-skemas kom.

Gryse ou vader het gesê dat daar net een manier is hoe om gou ryk te word: Om lank hard te werk.

Groete.

Die aartsskeptikus.

# Dit is nog nie middernag nie



*• Tom Watson*

"Time and tide waits for no man"! Weet nou nie eintlik wat 'n gepaste Afrikaanse woord daarvoor is nie, maar dit is nou nie hier ter sprake nie!

Hoe ouer mens word, is dit seker meer gepas as jy sê "tyd gaan soos 'n skaduwee by jou verby"!

Dink net, jy was nou die dag nog op skool waar die onnie jou groet met "haal uit jul huiswerkboeke" en dan tap die sweet so bietjie?

As iets jou pla, sê die ouer geslag moet jy dit van jou hart afkry – praat daaroor!

Nou hoe praat jy met jou naastes (die Woord gee die raad – jy moet hulle liefhê soos jouself).

Ry nou die dag by onse NG Heilbron-Suid kerk verby en merk op dat die toringhorlosie staan op 5.42 – weet nou nie of dit in die oggend of nag is nie, maar dit staan daar.

Dit laat my gedagtes gaan oor die mooi tuin, die netjiese voorkoms, ens.

Glo dit as jy twyfel, maar die feit bly staan dat ouderling A A Smit in 1922 gepleit het vir die verdeling van die NG Moederkerk – hy het sy redes; beperkte ruimte en slegs een leraar wat die hele bediening moet behartig.

Die verdeling het toe plaasgevind na 'n paar jaar se "bepeinsing"!

Nou kom ons by die hartseer wat saamgaan met "vooruitgang", as mens dit so kan stel.

Die sowat 100 jaar het gemaai onder die ledetal van beide die Moederkerk en Suidkerk! Nou hoekom?

Het die Christendom afgedwaal, die prys betaal van vooruitgang, gemaklike lewens wat hul afhanklikheid van ons Skepper op 'n ander vlak plaas? Daar is seker baie stellings wat bevraagteken kan word.

Heilbron se bevolking het die afgelope 100 jaar baie meer geword. Die dorp het gegroei.

In 1979 met Heilbron-Suid se 50-jarige herdenking het die kerkraad uit 65 lede bestaan. Dit was 'n groot eer om in diens te wees van die Here se huis.

Dit is nou 2023 en die kerkraad bestaan uit 25 lede (as my feite korrek is). Daar is 'n tekort aan 15 kerkraadslede.

Daar is 'n groot leemte in Sy kerkraad en ons "kan of het nie die wil nie" om Sy liefde uit te leef nie.

Onse Hemelse Vader se liefde het nie verander nie en Hy vra nog dat ons Hom moet liefhê en daardeur Sy Woord en liefde versprei deur mekaar lief te hê.

NG Heilbron-Suid se horlosie staan nog op 5.42 – dit is nog nie middernag vir Sy kerk nie!






# Hernuwe ons eens pragtige oord!

DA-raadslede sê dat Ngwathe munisipaliteit besig is om finansieel te sink. " Tog verwaarloos die munisipaleit steeds baie van sy waardevolle bates waaruit hy geld kan verdien," aldus 'n verklaring aan Herald eergister deur die sewe DA-raadslede.

Hulle het vroeër reeds gekla dat Ngwathe se bedryfsverlies die afgelope geldjaar 'n ongehoorde R212 miljoen was (Herald, 10 Februarie) Ook is die jaar op 30 Junie met 'n enorme R1.5 miljard in agterstallige kragskuld aan Eskom afgesluit.

" Sedertdien skiet hierdie skuld op met tot R10 miljoen per maand," sê die DA.

Ngwathe besit egter talle waardevolle bates "wat tans deur verwaarlosing in duie stort, en geen inkomste lewer nie." Hulle sê een hiervan is die Heilbron Uniefeesterrein, tot onlangs 'n gewilde (en winsgewende) ontspannings- en piekniekterrein.

DA-raadslid Robert Ferendale het enkele dae gelede 'n oorsigbesoek aan die nou verwaarloosde terrein gedoen.

"Dit breek jou hart," sê hy aan Herald. "Eens pragtige fasiteite lê nou in puin, skade waar jy kyk." Hy sê dakke, vensters, deure en elektriese kabels is alles uitgeruk deur vandale of weggedra deur diewe. Hy sê wat oorbly kan met groot moeite (en daarom ongelukkig ten duurste) weer herstel word. "Maar dit moét gebeur. Dan kan die terrein weer Heilbron se trots word, en ook 'n bron van inkomste vorm." Hy sê munisipaliteite onder DA-beheer in die Wes-Kaap versorg en verbeter hul eie oorde deurlopend. "Ook Midvaal in Gauteng (wat Meyerton en Vaal Marina insluit) se munisipale bates sprankel." Midvaal word reeds meer as 'n dekade deur die DA beheer.

"Kom ons leer by hulle, en ruk Uniefeesterrein weer reg."

Hy het nou aan amptenare geskryf met die DA-raadslede se praktiese voorstelle om Uniefeesterrein te hernuwe.



*Op die foto vl: Lebohang Mokoena en Gilda Scholtz.*








# Suksesvolle Maselsveldtog




*Op die foto agter vl: personeel van Kleuterkasteel Heilbron Lenie Roodt en Alet Swart.*
*Voor vl: Lea Roodt, Christa van Wyk, Luzanne Hendrikse, Liezl Hendrikse, Bokkie Myburgh (Skoolhoof) en kliniekpersoneel van die Maselsveldtog.*




*Op die foto van die kinders van School of Destiny saam met kliniekpersoneel van die maselsveldtog*



***IMMUNISASIE VELDTOG TEEN MASELS**. Die kliniekpersoneel en gesondheidskomitee het onlangs besoek afgelê by verskeie skole. Kinders was ingeënt teen masels, om 'n uitbraak te voorkom. Heilbron kliniek ag dit as 'n baie suksesvolle veldtog, en is dankbaar vir elke ouer wat ingestem het. Op die foto voor vl: Besoeker aan Heilbron kliniek, Riekie Els (Heilbron Kliniek Komitee-lid), Madrie Bergh (Staf Verpleegster) en Suster Hettie Rothman van Heilbron Kliniek.*




# Solar Vibes nou oop

Wat is beter as 'n dak-natmaak om jou nuwe besigheid te vier? Jarryd Ovens, eienaar van Solar Vibes, wat onder andere sonkrag-sisteme installeer, het Vrydag, 24 Februarie hierdie nuwe besigheid se opening behoorlik saam met die gemeenskap gevier. Heilbronners was uitgenooi om die nuwe besigheid te besoek en 'n koue een saam met Jarryd te geniet. Alhoewel daar beurtkrag die aand was, het dit die sonkrag-baas min gepla, want Jarryd het voorsiening daarvoor gemaak. Solar Vibes, wat in Cilliersstraat 47 geleë is, het sy deure ampelik vir die publiek op Maandag 27 Februarie geopen. Indien jy enige navrae het, is jy welkom om die besigheid te besoek.




# Open sy deure

*Die nuwe besigheid Raap en Skraap het Vrydag hul deure vir die publiek geopen. Die winkel, wat verskeie niebederfbare kos verkoop teen sakpas pryse, is in Cilliersstraat geleë, langs Solar Vibes.*
*Op die foto: Jane Jansen van Rensburg.*

# Reitz Nuus



*Mnr. Christo van Zyl ontvang 'n sertifikaat van waardering en die staf van voortreflikheid en uitnemendheid. Hierdie eer word aan hom oorhandig deur die breër atletiekgemeenskap van Reitz vir sy bydrae tot atletiek en landloop. Mnr. Christo het vir die afgelope 35 jaar agtereenvolgens atlete afgerig wat Vrystaat op SA kampioenskappe verteenwoordig het.*
*Mnr. Christo is die woorde van Jan F.E. Cilliers waardig: "Stil broers, daar gaan 'n man verby, hy groet en dis verlaas. Daar's nog maar een soos hy, bekyk hom goed."*




*Juf Ria Barnard en Juf Riana Terblanche vanaf Hoërskool Reitz met hulle praguitslae met die 2022 Matriekuitslae.*
*Juf Ria beklee die eerste posisie met Rekenaartoepassingstegnologie in die Vrystaat. Juf Riana beklee 'n tweede posisie met Gasvryheidstudies in die Vrystaat, met Toerisme 'n tweede posisie in TMED, asook 'n vierde posisie in die Vrystaat.*

# Bronnies presteer


*Hoërskool Heilbron se atlete het onlangs aan die Noord Vrystaat Primêre atletiekbyeenkoms deelgeneem.*
*Die atlete hul alles gegee en ses atlete het uitsonderlik presteer. Die volgende atlete het hul plek verseker en dring deur na die Vrystaatkampioenskappe in Bloemfontein. Jurie Jonker - 1ste Gewigstoot, Gerrit du Plooy - 2de gewigstoot en 6de diskus, Luané Engelbrecht - 5de gewig-stoot, Elné du Plooy - 5de gewigstoot, Lumé Terblanche - 6de gewigstoot en Shamoné Ribeiro - 5de 150m.*



*Shamoné Ribeiro*



*Luané Engelbrecht*



*Gerrit du Plooy*



*Elné du Plooy*



*Lumé Terblanche*



*Jurie Jonker*

## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)

## BUDGET ADJUSTMENT 2022/23- 2024/25

The **Municipal Adjusted Budget for the financial year ending 30 June 2023** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the Final Adjusted 2022/23 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2022/23**

| *R thousands* | *Actual Budget 2021/22* | *Adjusted Budget 2021/22* | *Approved Budget 2022/23* | *Adjusted Budget 2022/23* |
|---|---|---|---|---|
| *Total Operaing Revenue* | *882,440* | *846,535* | *936,721* | *937,015* |
| *total Operaing Expenditure* | *902,413* | *866,508* | *1,012,124* | *1,012,417* |
| ***Surplus/(Defict)*** | ***-19,973*** | ***-19,973*** | ***-75,403*** | ***-75,403*** |
| *Total Capital Revenue* | *157,404* | *165,137* | *135,279* | *135,279* |
| *Total Capital Expenditure* | *157,404* | *169,340* | *135,279* | *135,560* |

Total Adjusted Operating expenditure for the **2022/23** financial year amounts to **R 1,012,4 billion**, the total Adjusted Revenue amounting to **R 937, million** and translates into an adjusted budgeted deficit of **R 75.4 million** (this is due to including non-cash items, amounting to **R75.4 million)**. The total Capital budget for 2022/23 financial year amount to **R 135 million** funded by provincial and national **grants.**

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 27 February 2023, approved the Draft Budget Adjustment 2022/23.**

The copy of the final budget is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Nonhlanhla Baleni**
Municipal Manager
jordaanr@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Themba Mpindo**
Acting Chief Financial Officer
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Pinky Mokoena
Acting Budget and Expenditure Manager
pinky@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

# Daar gaat die stappers!



*Die Huppel Trippelaars het 'n Rolstoel- en Loopraamstap met 'n verskil aangebied. Baie passasiers is in rolstoele gestoot om die heerlike amper-herfs-sonnetjie te kon geniet. Elkeen wat met 'n loopraam wou stap, is vergesel sodat hulle nie alleen stap nie. Daar was twee pitstoppe en uitspanplekkies. Die eerste het tjippies en grondbone aangebied, die tweede se "brandstof" was 'n yskoue koeldrank. By die uitspanplek onder die lieflike koeltebome is al die deelnemers getrakteer op blou en wit kolwyntjies. Op 14 Maart is 'n heerlike Sportdag in die beplanning.*
*Inlasfoto: Agter: Magdaleen J van Rensburg, Magda de Wet en Basie Roos.*

# Heilbron Hero




As mens dink aan 'n super-held, dink mens gewoonlik aan iemand soos Spiderman of dalk Batman, maar in 'n klein dorpie soos Heilbron dra helde nie maskers nie. Hulle kom meer soos 'n Clark Kent voor en in die geheim is hy soos Superman. Gammie Breitenbach is verseker Heilbron se Clark Kent; hy hoef aan geen mens voorgestel te word nie, hy is die vriendelikste man, het altyd 'n glimlag op sy gesig en maak altyd tyd vir 'n geselsie. Hy is ook baie behulpsaam en doen daagliks goeie dade wat ongesiens in die gemeenskap verbygaan. Gammie het al meer goeie dade gedoen as wat mense van weet, en daarom is hy die Heilbron Herald se Februarie "Super Hero".

# Boere doen dit weer

Dit is geen geheim dat die paaie in die Vrystaat vrot is van die slaggate nie. Met die R34 tussen Edenville en Heilbron wat basies onrybaar is, het van die omliggende area se boere weereens vinnig ingespring en gehelp. Ongeveer 60 sleepwa-vragte vol grys was gebruik om die 26km se slaggate binne drie dae te vul. Terwyl die Edenville pad baie beter is, struikel die boere van die Sasolburg-Heilbron pad steeds om fondse in te samel om die pad behoorlik te herstel. Gerrit Viljoen, voorsitter van Gottenburg Boerevereniging vertel dat die uitgawes wat hulle reeds aangegaan het R150 000 is en dat hulle aanstaande week nog R30 000 se teer sal aankoop.

Volgens Viljoen het die gemeenskap reeds R35 000 ingesamel en vertel dat hy dankbaar is vir elke sent. Indien enige iemand nog 'n bydrae wil maak, kan inbetalings gemaak word in die volgende bank rekening:

Gottenburg Boerevereniging ABSA BANK Tjekrekeningnommer 4093623223. Kode 334 336.

Gebruik asseblief die verwysing Sasolburg-Heilbron Teer.

# EFF beplan Nasionale "Shutdown"




*Die Rooi barette, beter bekend as die Economic Freedom Fighters (EFF), het verlede week by verskeie besighede briewe afgegee. Die briewe is 'n kennisgewing wat verband hou met die nasionale noodstop (shutdown) wat Maandag, 20 Maart beplan word. Volgens lede van die groep is die nasionale stilstand 'n roeping om die toekoms van die land en al sy burgers te red. Hulle vereis dat elektrisiteit behoorlik voorsien word, en terselfdertyd die bedanking van president Cyril Ramaphosa. Die EFF se plan is om besighede en skole te sluit, asook om paaie te versper. Die leier van die beweging hits die gemeenskap aan om saam te staan teen die probleme en om die dag ernstig op te neem. Op die foto: Lesego Moalusi (Councillor of Fizile Dabi), Kheswa Motsamai (Former Chairperson Ward 5), Ramoeletsi Malefu (GBV Head Officer), Nkosane Nhlapo (EFF Member) en Lucky Moloi (Chairperson Ward 4).*

# Oranjeville se boere en sakekamer maak 'n verskil



Dinsdag het die boeregemeenskap en sakekamer hande gevat en Malanstraat se slaggate toegemaak en vasgestamp. "Ons kan nie hande gevou staan en toekyk hoe die dorp verder agteruit gaan nie", was een van die boere se opmerking. Teer is aangery van die N3 naby Villiers. Die teer was die bolaag wat afgeskraap is van die pad wat tans oorgebou word. Die slaggate is geverf met bitumen en gate gevul met die teermengsel en 'n groot selfaangedrewe roller is gebruik om dit behoorlik vas te stamp en dan weer met 'n laag bitumen geverf. Die padgedeelte van die noordelike ingang is ook geskraap waar die kontrakteurs nie die pad voltooi het nie. Al die grondstrate in die dorp is ook geskraap. Die toegangspad na die Metsimaholo woonbuurt se slaggate is ook herstel. Inwoners van die woonbuurt is baie dankbaar dat hulle pad ook herstel is.



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HEILA KRÜGER, Identiteitsnommer: 470106 0026 084** in lewe 'n Rentenier woonagtig te Zebralaan 1, Reitz, 9810, ongetoud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 26 SEPTEMBER 2020**
**BOEDELNOMMER: 007603/2020**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **SARA JOHANNA JANSEN, ID 231021 0027 083,** in lewe weduwee en woonagtig te Huis Bron-van-Heil Ouetehuis, Heilbron, 9650. Provinsie Vrystaat.
**MEESTERVERWYSINGSNOMMER: 3495/2020**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no. 66 van 1965 dat die Eerste Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**
**SEL: 082 965 4964**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **003663/2022**
Surname: **Taljaard**
First Names: **Jacob Louis Francois**
ID Nr.: **250313 5035 088**
Last Address: **1 De Wet Street, Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Free State, 9640**
Magistrate's Office: **Bloemfontein**
Master's Office: **Bloemfontein**
**ADVERTISER:**
**MAGDELÉNE BARNARD**
**HERBIE OOSTHUIZEN & ASSOCIATES**
**ADDRESS: 71 MONTAGU STREET, MOSSEL BAY, WESTERN CAPE PROVINCE**
**E-MAIL: magdelene@holaw.co.za**
**DATE SUBMITTED: 2023.02.24**
**TEL: 044 601 8700**
Publication date in the Government Gazette: 2023-03-03

## KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **JOHANNES LENARD CORNELIS JOHNSON, ID 320601 5022 08 0,** wie getroud was binne gemeenskap van goed met **ANNA JOHNSON,** wat woonagtig was te Breëstraat 106, distrik Heilbron, ProvinsieVrystaat, wie oorlede is op 21 September 2021, **boedelnommer 010053/2021.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**PT MOTSITSI HOLDINGS**
*Garden Service & Construction*
083 755 0519
E-Mail:
motsitsitshepo126@gmail.com

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# VAKANTE BETREKKINGS

## Administratiewe klerk

- Betroubaar
- Uitmuntende rekenaarvaardighede
- Analistiese en numeriese vaardighede
- Goed onder druk kan funksioneer
- Kennis in Pastel sal voordelig wees
- Goeie kommunikasievermoë.
- Goeie besluitnemingsvermoë

## Stoorbestuurder

- Betroubaar
- Moet inisiatief kan gebruik
- Moet met mense kan werk
- Moet onder druk kan funksioneer
- Meganiese kennis sal voordelig wees
- Goeie kommunikasievermoë
- Goeie besluitnemingsvermoë

**Hullstraat, Heilbron, 9650**
**bustamaizemeal@telkomsa.net**
**SLUITINGSDATUM: 10 MAART 2023**

## BELASTINGKLERK VAKATURE

**Verantwoordelikhede:**

- Data vaslegging
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawe
- Kantooradministrasie

**E&E REKENMEESTERS**
058 853 0931/2/3
BREËSTRAAT 53
HEILBRON

**Vaardighede:**

- MS Office (Word, Excel)
- Pastel
- TurboCash
- Kennis oor SARS E-filing
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhoudings en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Rekeningkundige en belastingondervinding sal voorkeur geniet

**Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor te Breëstraat.**

**Aansoeke sluit 31 Maart 2023.**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter Tel: 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

Herald
Office National
NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
invoice books
receipt books
delivery books
order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more

## TENDER VIR DIE HUUR VAN GROND EIENAAR ELMINE TRUST

Die gronde is as volg: 275 hektaar lande - tender vir huur met oesreste en huur sonder oesreste
500 hektaar weiding - tender vir die weiding apart.
Die weiding word apart verhuur van die lande. Die huurtermyn is 01/09/2023 tot 31/08/2026.

Die tenders kan per epos gestuur word na louise@snymanrek.co.za of ingehandig word (skriftelik) by die kantoor van Louise Snyman Rekenmeesters, Ringerstraat 68, Heilbron.

Tenders sluit Vrydag 31/3/2023 om 16:00.

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Heilbron spelers loop voor

Die afgelope Saterdag is Valsrivier kwarteindwedstryde by Kroonstad Rolbalklub gespeel.

Twee spanne van Heilbron het die vorige naweek deurgedring na die kwarteindrondtes, Edward en Sonja Muller asook Rudi en Tracy Jacobs.

Alhoewel Edward en Sonja hul bes probeer het, kon hulle nie verder deurdring nie, maar vir twee beginnerspelers was dit steeds 'n prestasie om tot hier te kon meeding.

Aan die einde van die dag se spel het Rudi en Tracy as die algehele wenners geëindig en sal hulle hierna aan Noord Vrystaat uitspeelwedstryde deelneem.



*Op die foto: Tracy en Rudi Jacobs.*

# Heilbron word deur goeie boulwerk gekelder

Heilbron se krieketspan en die kranige span van Vereeniging het gesorg vir vuurwarm vermaak. Theuns Botha en Juandre Earl se drie paaltjies elk het Vereeniging se lopies beperk na slegs 166 vir 9 na 35 beurte. Uitstekende vangskote deur Wikus van Wyk, Irfan Arshad en Armand Smith, het bygedra tot die hewige boulaanval. Heilbron se kolfbeurt het goed begin, maar is deur goeie draaiboulwerk vanaf Vereeniging gekelder. Pieter Buitendag het die inisiatief geneem en die span se hoedjies geborg, vir beskerming teen die vreeslike hitte. Heilbron speel die naweek teen Old Vaal in Vanderbijlpark.



*Op die foto: Armand Smit (Kaptein) en Jeandre Earle speler van die wedstryd.*

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 4 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 11 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 15 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 6 MAART 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSDAG - 7 MAART 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
DAVEL: JANVOS LANDGOED SAVM STOET
11:00, plaas Brakfontein
Kontak Dave Harris 082 573 7979

WOENSDAG -8 MAART 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
UTRECHT (KZN): NAUDE BOERDERY
Uitverkoping van dragtige Merino kudde
11:00, Rooipoort
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

DONDERDAG - 9 MAART 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 10 MAART 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



CHALK MARKERS
nou beskikbaar





Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033



HEILBRON TUINDIENSTE
Dubbel erf @ R850p.m
Gewone erf @ R600p.m
Meenthuis erf @ R400p.m
Sluit in:
Grassny; Rante sny;
Hou beddings netjies;
Snoei van struike en Bome;
Skoonblaas van sypaadjie en
Verwyder vuilgoed sakke.
SKAKEL EBEN STANDER
082 431 1926 | 072 582 9961



Vars Groente Weekliks
Uie
Geskil R20/kg
Aartappels
Heel R15/kg
Beet
Heel 12/kg
Tamaties
Heel R25/kg
Wortels
Heel R12/kg
Botterskorsie
Heel R10/kg
500g verwerk R15
Skorsies
R15 vir 4
Hubbard Squash
500g verwerk R15
Komkommers
Heel R12 elk
Bez Combo
R100 Per Pak






Heilbron Afleweringskoste R20
Bezuidenhoutaj1@gmail.com | 060 687 7477



EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
50% afslag op alle kos items!
Slegs geldig op Donderdae gedurende Maart 2023 | Alle drankies uitgesluit